# Die Wawiel

4de Kwartaal 2009

Nuusbrief van die Wapadrandstreek van SAWA

Redaktrise: Mona Niemand






# WAWIEL SONDER BRIEKE ...

## *Uit die Voorsitter se pen*

***Beste Wapadranders***

Nog ‘n jaar is byna op sy einde! Die 2009 AJV is verby en die nuwe bestuur is hard aan die werk. Ek wil graag langs hierdie weg vir almal baie dankie sê vir die vertroue wat julle in my en die nuwe bestuur stel vir die volgende tydperk. Baie welkom aan Chris Pienaar op die bestuur. Verskeie van die vorige bestuurslede het ook nuwe rolle en ons wens hulle ook alle voorspoed toe! Kyk gerus aan die agterkant van die Wawiel hoe die nuwe bestuur lyk. Dit is ’n riem onder die hart om te weet die streek staan agter jou! Ek sien met groot verwagting uit na die nuwe jaar met al sy beplande aktiwiteite. Ons gaan sekerlik ‘n paar nuwighede probeer en ek vra almal se ondersteuning daarmee. Kom ons poog om elke kamp vir almal lekker te maak!

En dan aan die twee wat uitgetree het: Seppie, baie dankie vir die manier waarop jy Wapadrand die afgelope tydperk gelei het. En dan ook die een wat altyd so getrou met ons gekommunikeer het, Janetta, baie dankie vir die rol wat jy die afgelope paar jaar gespeel het. Julle moet die tyd van amptelike rus geniet, maar ons sal graag nog van tyd tot tyd op julle knoppies wil druk!

Ek wil ook van die geleentheid gebruik maak om vir Willem Nordeje, wat die voortou in Gebied Jakaranda die afgelope tyd met toewyding geneem het, alle voorspoed toewens waar hy nou uitgetree het as gevolg van werksomstandighede. Aan jou en Maria, baie dankie en voorspoed vorentoe. Aan Pieter van Biljon wat nou die voortou geneem het, wees verseker van ons ondersteuning!

Ek wil graag ook aan almal wat toekennings by die AJV ontvang het, baie geluk sê. Julle verdien dit!

| | |
|---|---|
| Hester Swanepoel | Streek Ere Toekenning - Hoërgraad |
| Edward Leach | Gebied Ere Toekenning |
| Franscois Swart | Gebied Meriete Toekenning |
| Janetta Toerien | Gebied Meriete Toekenning |
| Seppie Müller | Gebied Meriete Toekenning |
| Martin Rix | Streek Ere Toekenning |
| Johann Fuls | Streek Meriete Toekenning |
| Nina Fuls | Streek Meriete Toekenning |



Aan Willem en Maria wat by die Kongres toekennings ontvang het, baie geluk!

| | |
|---|---|
| Willem Nordeje | Nasionale Ere Toekenning - Hoërgraad |
| Maria Nordeje | Nasionale Ere Toekenning |

Tydens ons AJV het ons SAWA se 40ste bestaan en ook Wapadrand se 21ste verjaarsdag gevier. Watter voorreg en dankie aan almal wat dit so aangenaam gemaak het! Ek wil hier in besonder Geraldine se naam uitsonder vir die moeite met die mooi koeke. Soos wat ons die nuwe vaandels vir Wapadrand onthul het, lui dit ook 'n nuwe tydperk in vir Wapadrand. Die nuwe bestuur gaan met alle erns fokus op 'n paar strategiese punte vir die volgende tydperk. Ek sal meer daaroor kommunikeer sodra ons dit bevestig het. Aan Seppie en Franscois Swart vir die ontwerp en maak van die nuwe vaandels, baie dankie. Dit lyk pragtig!

Die Gebiedskamp te Weesgerus was net so 'n lekker geleentheid. Wapadrand het weereens bewys dat dit in ons is om lekker saam te werk! Baie dankie aan almal wat gehelp het by die kamp en die tee en koek bediening 'n genotvolle geleentheid gemaak het.

Die kampplekke vir 2010 is gefinaliseer en ek vertrou dit sal meeste Wapadranders se goedkeuring wegdra. Dit gaan mos nie net oor die kampplek nie, dit gaan oor die saamkamp en die uitbou van vriendskappe! Ek en die nuwe bestuur gaan daarop fokus om elke lid se verwagting van 'n kamp te verstaan en werk om daaraan te voldoen. Ek vra egter in ruil daarvoor dat almal eensgesind moet wees en mekaar te alle tye te respekteer en verdra. Die kamptariewe en die tolgelde bly maar 'n uitdaging, maar glo my, ons het ons bes probeer! Sien elders in die Wawiel hoe die program lyk vir 2010.

Aan al ons studente en skoliere wat 'n tyd van harde werk en spanning ingaan, voorspoed met die toetse en eksamens. Bly op julle knieë met julle oë na bo en mag julle beloon word met resultate wat reg laat geskied aan julle insette.

En laastens, aan ons Hemelse Vader, alle dank en eer vir die voorreg wat ons het om langs die weg van kamp, dit te kan geniet om Sy skepping te waardeer en om vriende te kon maak en dit saam te kan geniet.

Groete

*MARTIN*
November 2009

## ***Kampnuus***

TEMPEL: 7-10 Augustus

Die naweek was bespreek by Tambotie, maar 'n onverwagte boodskap het Wapadranders vinnig van rigting laat verander. Tempel was die nuwe kampplek en welgedaan aan die persone wat so vinnig 'n ander kampterrein kon kry.

Ons was nie teleurgesteld gewees nie. Tempel is 'n mooi en netjiese kampterrein aan die voet van die berg.

Vrydagaand was daar lekker gebraai. Saterdag was die 2009 AJV en Wapadrand se nuwe bestuur is verkies. Baie geluk aan die bestuur en sterkte vir hul belangrike taak.  Ons nuwe vaandel is onthul en Geraldine het spesiale koek gehad ter viering van die 21ste verjaardsdag.








'n Woonwa kompetisie is gehou deurdat kampers hul waens moes versier.



Johan en Nina Fuls het weggestap met die Karnaval prys en Deon en Bets Toerien vir die beste Somer woonwa.

'n Paar dapperes het die koppie Saterdagmiddag aangedurf. Dit was toe nie heeltemal so erg nie en die mooi uitsig het vergoed vir die klim.



Dit was 'n genotvolle kamp na die koue winter.

**WEESGERUS: 11-13 September**

Al die sirkels was vroeg vol en die kampers het uitgesien na 'n interessante streekkamp. Die hamburgers Vrydagaand was heerlik en is goed ondersteun



Wapadrand het Saterdagoggend weer 'n teetuin gehad, met heerlike eetgoed en vars gemaalde koffie. Daar was 'n gesellige atmosfeer onder die lapa.

Die teetuin was ongelukkig nie so goed ondersteun nie vanweë die koekversierkompetisie.








Laasgenoemde het baie aandag getrek en mense se kreatiwiteit is bewonder.

'n Kort "brainstorming" sessie is die middag gehou oor die volgende a) 'n tema vir die volgende twee jaar b) ledegetalle en redes vir kampbywoning of nie-bywoning c) fondse en insamelingsprojekte. Hiedie is die fokus-areas van Wapadrand en dit is nou die bestuur se taak om op te volg.

Tussen-in is die swembaddens goed benut, veral deur die kinders en die tarentale het amper saam gekamp, so tuis is hulle. Die predikant het Sondag 'n treffende boodkap gehad en almal het traag begin oppak.

## EASTCO: 16-18 Oktober

**Lynette van Rensburg**

Vrydagmiddag was almal behalwe Martin, Christo en Reinardt redelik vroeg daar en is daar kamp opgeslaan, Hulle was betyds vir boekevat en registrasie.

My Pa en Ma (Andre & Eunice van Zijl) was kampkommandante en het Vrydagaand heerlike "Pasta a la Eunice" bedien. Dit was baie lekker en sommiges het selfs vir 'seconds' gekom.

Ons het **baaaie** gaste gehad. Johan en Louise Engelbrecht het hulle seun saamgebring en almal moes net hulle oulike woonwa inspekteur. Dit is 'n 'TINY', te oulik vir woorde! Die KVG-swemklub het ook saam gekamp. Ses van hulle behoort nog nie aan Wapadrand nie, maar Gerrit en Anita is reeds Wapadranders.

Die kinders het tot laataand gespeel en mekaar met eiers en waterballonne gegooi. Dit is wonderlik hoe ons **kampkinders** nog ***kan*** speel en hulself besig hou sonder TVs en **rekenaars!** Die laggende kinders kon tot laat nog gehoor word.

Daar was ook 'n paar vissermanne/-vroue en ons het gesien dat daar wel vis in Eastco se damme is.





As ons by Eastco kamp moet dit altyd reën. Saterdagmiddag sous dit, maar dit demp nie die gemoedelike atmosfeer nie. Dit bring almal onder die tente net nader aan mekaar! Die rugbygeesdriftiges was opgewonde en 'n paar van die Stormers bietjie bek-af.

Sondag sluit my pa af met 'n mooi boodskap. Dankie ook vir die ander twee boodskappe! Die "Welkomplaatjies" neem 'n rukkie om uit te deel, maar ons gee nie om nie, want dit is lekker om nuwe gesigte saam met ons te hê. Henk,Jenny en Wynand Pienaar kamp vir 'n tweede keer saam en vul toe ook sommer aansluitingsvorms in.

Niemand was haastig huis toe nie en het eers 'brunch' gemaak of gebraai. Die meeste is na drie die middag daar weg. Nog 'n suksesvolle kamp met 16 lede en 11 gaste!!

## *Kamp Program 2010*

| Maand | Datums | Kampplek |
|---|---|---|
| Januarie | 22-24 | Nkwe |
| Februarie | 19-21 | Buffelspoort |
| Maart | 19-22 | Barham |
| April | 16-18 | Emmarentia Geldenhuys |
| Mei | 21-23 | Mutango |
| Julie | 2-4 | Sal bevestig word |
| Augustus | 6-9 | Tamboti |
| September | 24-26 | Sal bevestig word |
| Oktober | 22-24 | Monateng |
| November | 19-21 | Drie-Berge |

## *Ledesake*

### Verjaarsdae: November – Januarie 2010

| NOVEMBER | |
|---|---|
| Naomi du Plessis | 1 |
| Joey Velloen | 3 |
| Andre van Zijl; Micke van Rensburg | 5 |
| Leon Taylor | 9 |
| Alwyn Louw; Neleke Meiring | 12 |
| Kaas Zwanenburg | 14 |
| Johann du Plessis | 17 |
| Lauritz Kluever | 19 |
| Annamarie Steyn; Ellen van Coller | 22 |
| Muriel Erasmus | 23 |
| Janetta Kirsten | |
| Ellen Human | 30 |
| **DESEMBER** | |
| Heila Meyer; Mariana Vos | 1 |
| Rina van Aswegen | 4 |
| Corrie Rossouw | 5 |
| Ronel Swart | 6 |
| Mona Niemand; Sarie Bezuidenhout | 13 |
| Danie Kruger | 15 |
| Susan Troskie | 16 |
| Hester Oosthuizen | 17 |
| Des Marais v Heerden; Eunice v Zijl; | 20 |
| Drienie Lombard | 22 |
| Elize Zwanenburg | 27 |
| Dawie Swanepoel | 29 |
| **JANUARIE** | |
| Elouise Toerien | 4 |
| Johannes Coetzee | 8 |
| Monica Kruger | 14 |
| Tersia Rix | 16 |
| Elize Smit | 17 |
| Reinardt van Rensburg | 24 |
| Andre Hattingh | 25 |
| Rienie de Beer | 27 |
| Heloise Herbst; Lynette v Rensburg | 29 |

## Horison Sorgsentrum: 14 Augustus 2009

*Agtergrond van Horison sorgsentrum*.

Horison is n geregistreerde welsynorganisasie wat nie deur die staat gesubsidieer word nie, hul is dus verantwoordelik vir betaling van alle lopende uitgawes.
Horison is ’n stimulasie-en versorgsentrum vir erg en uitermatig gestremde kinders.
Almal het breinskade en sommige is ook liggaamlik gestrem en blind.
Die sentrum in in 1980 gestig met die doel om dagsorg en terapeutiese dienste aan kinders te verskaf. Horison kan tot 40 kinders en 12 personeelhede akkommodeer.
Baie van die kinders kom uit behoeftige gesinne en benodig borge vir hulle versorging.






Besoek is afgelê deur Dennis Meyer, Sarie Bezuidenhout en Hester Swanepoel.

’n Tjek van R 4500.00 is oorhandig aan die sentrum. Dit is ingesamel deur kollektes van 2008 se kampe. Ons is hartlik verwelkom deur die 6 personeellede. Soos elke oggend begin hulle met bybelstudie deur die personeel. Hul begin dan om die kinders te versorg en vir hulle kos voor te berei. Kinders wat daar in die Dagsorgsentrum is, word so goed versorg asof dit hulle eie kinders is. Ons kan met vrymoedigheid enige een uitnooi om vir kinders te gaan kuier .Almal is welkom.

Horison bied daagliks ’n voedsame ontbyt, warm middagetes en liefdevolle versorging vir die kinders. Hul volg ’n arbeidsterapie program as stimulasie.

Bussies vervoer kinders daagliks van en na hulle huise.

Die personeel van Horison Sorgsentrum het gevra dat ons hulle dank sal oordra aan elke lid wat ’n bydrae gemaak het .

Donasies word aangewend vir salarisse, brandstof en herstelwerk aan gebou en voertuie. Spesiale dank is ook oorgedra aan Andre Schoombie wat hulle skuifhek vinnig herstel het.

| | | |
|---|---|---|
| Horison Sorg Sentrum | Absa Bank | |
| Tel:& Fax (012) 804 3626 | Silverton | 070-401-533 |

Dankie
Dennis Meyer, Sarie Bezuidenhout en Hester Swanepoel

## Pitkos



Satan se Strategie

'n Leuen is net so effektief soos die waarheid as jy dit glo en satan is die "vader van alle leuens". Hier is van sy strategieë om jou te verslaan:.

**Gevoelens:** Hy sal jou deur rede oortuig dat jy nie verdien om vergewe te word nie; deur emosie vertel dat jy nie voel asof jy vergewe is nie. Staan sterk, die werk in jou is voltooi. God se Woord sê so, en jy moet dit ook begin sê. Tyd sal jou posisie versterk. Satan sal dinge in jou gedagtes probeer plaas waarvan God jou reeds bevry het. Dit is alles deel van sy plan. Hy wil jou laat voel of niks verander het nie – moet dit nie glo nie

**Skok:** Satan gee nie sy gebied op sonder 'n geveg nie. ('n Aanval is die bewys daarvan dat jy nog nie verslaan is nie). As jy dit nie te wagte is nie, sal jy dink: "Ek maak seker nie vordering nie, want hoekom stry ek nog dieselfde stryd?"

**Twyfel:** Satan se derde strategie is om jou so ver te kry om op te gee en te sê: "Hoekom probeer ek nog, niks het verander nie!" Wanneer jy so praat, verloor jy op die plek. Moenie dit doen nie! Die Bybel sê: "as jy gevang is deur wat jy sê" (Spr 6:2 NLV) Waak oor jou woorde, want dit bepaal die atmosfeer waarin jy lewe. Satan luister aandagtig na wat jy sê, so moet nooit iets sê wat hom kan aanmoedig nie. Beskerm jouself teen hierdie drie strategieë


Die Woord vir Vandag: Radio Kansel

♋♋♋♋♋

## Leefstyl

**Probeer gerus hierdie kampioenkos vir meer woema**

**Gesonde immuunsisteem**
Knoffel……..natuurlike antibiotikum
Aarbeie…….bevat meer vitamiene C as enige ander vrug



**Briljante brein**
Koffie…..kafeien gee tydelike energie vir kreatiwiteit
Volgraanbrood…..bevat vitamien B en koolhidrate
Lewer….beste verskaffer van vitamien B en proteine

**Goeie vel**
Patats…propvol anti-oksidante wat veroudering teëwerk
Water….dit spoel en suiwer jou organe en vel
Sonneblomsaad….ryk aan olies wat jou vel van binne voed

**Beter spysverteringstelsel**
Jogurt…vriendelike bakterieë wat spysvertering aanmoedig
Appel…is anti-inflammatories en werk sooibrand teë
Piesang….bevat magnesium wat peristalse bevorder

***Finesse se lysies vir die lewe (2007)***

# *Algemeen*


**Kommunikasie**

| | |  |  |
|---|---|---|---|
| Martin | Voorsitter | 082 903 8342 | martin.rix@bcx.co.za |
| Chris | Ondervoorsitter | 083 222 1920 | pienaars@netactive.co.za |
| Lynette | Sekretaresse | 083 273 3091 | reilynnreinardt@gmail.com |
| Mona | Nuusbriefredakteur | 083 407 6047 | MonaNi@gpg.gov.za |
| Christo | Penningmeester | 082 551 3475 | christo@it4africa.co.za |
| Betsie | Addisionele lid | 072 264 3285 | Betsie.Theron@sasol.com |
| Deon | Addisionele lid | 084 452 4025 | d.toerien@thcf.nl |

**Betaling van kampgelde**

Die administrasie rakende kampgeld kan uitgeskakel word indien Wapadranders hul geld betaal deur die Internet of d.m.v. 'n bank deposito.
**Onthou asb om aan te dui van wie die betaling is (bv. Smit, Nkwe) en die bewys van betaling saam te bring kamp toe.**

NEDBANK
Silverton tak (164445)
Rekening nr. 164 432 7783





*Alle Wapadranders word 'n Geseënde Kersfees*
*en 'n wonderlike 2010 toegewens*